# Gereelde vrae oor nulgradering

*Let wel: Ons werk hierdie dokument voortdurend by namate ons besprekings vorder.*

| **Vraag** | **Antwoord** |
|---|---|
| Wat beteken nulgradering? | Nulgradering is wanneer diensverskaffers geen betaling vereis vir internetgebruikers om toegang tot spesifieke internetbladsye te verkry en hulle te gebruik nie. Dit is 'n onderlinge reëling tussen die diensverskaffer en die huisvester van die internetbladsy. |
| Watter diensverskaffers nulgradeer SUNLearn tans? | Sien die volgende tabel. |
| Watter Universiteit Stellenbosch-webwerwe is nulgegradeer? | Sien die laaste tabel. |
| Is dit steeds nodig om bedag te wees op die grootte van internetlêers as SUNLearn nulgegradeer is? | Ja, want dit gaan nie net oor die koste van die data nie, maar ook oor die aflaaispoed. Met stadige 3G sal selfs 'n klein en ligte video (van sê maar 20 MB) baie lank neem om af te laai. Groter lêers kan selfs potensieel glad nie aflaai met baie stadige internetverbindings nie. Lees hier meer daaroor. |
| Is biblioteekbronne nulgegradeer? | Tot dusver is die biblioteekwebwerf nulgegradeer op **Telkom.** (Die gradering by ander diensverskaffers sal nog bevestig word.) |
| Kan studente gratis kyk na (ingebedde) YouTube-videos op SUNLearn? | Nee. SUNLearn se nulgradering is net van toepassing op video's wat direk op SUNLearn gelaai is. Dit sluit nie hiperskakels na video's in wat elders as op SUNLearn gehuisves word nie (bv. TED-praatjies of YouTube-videos), selfs as hierdie eksterne video's in die kursusblad self ingebed is. |
| Is MS Teams nulgegradeer indien (potensieel) met SUNLearn geïntegreer? | MS Teams is nie op die oomblik nulgegradeer nie, selfs wanneer dit met SUNLearn geïntegreer is. |
| Is MS Teams oor die algemeen nulgegradeer? | MS Teams is nie tans nulgegradeer nie. |

| | |
|---|---|
| Watter sinchroniese sagteware is nulgegradeer? | SUNstream (wat Adobe Connect gebruik), soos in SUNLearn geskep, is nulgegradeer en kan gebruik word vir sinchroniese aktiwiteite in modules. |
| Is ander Microsoft Office-toepassings, met inbegrip van Outlook, nulgegradeer? | Nie op die oomblik nie. |
| Is die SUNLearn- mobiele app nulgegradeer? | Die SUNLearn-app is ook nulgegradeer en is 'n nuttige app om te gebruik wanneer jy sonder 'n internetverbinding werk. Lees hier meer daaroor. |
| Is daar maniere om datagebruik te minimaliseer (ingeval ek toegang moet verkry tot 'n platform/webwerf wat nie nulgegradeer is nie)? | Ja, jy kan dit op verskillende maniere doen. (Vir dosente: 'n PDF met al die bostaande wenke is ook hier opgelaai). |

## SUNLearn: Nulgegradeerde diensverskaffers

*Let wel: Nulgradering vir hierdie verskaffers is net in Suid-Afrika van toepassing.*

| **Diensverskaffer** | |
|---|---|
| Telkom | Telkom vereis 'n minimum hoeveelheid data om toegang tot SUNLearn te verskaf. Telkom sal SUNLearn nie oopmaak as jy 'n nulbalans het nie. Jy moet dus sorg dat jy altyd 'n minimum databalans het (dit kan 'n klein databondeltjie wees), selfs al is SUNLearn nulgegradeer. |
| Vodacom | Vodacom vereis 'n minimum hoeveelheid data om toegang tot SUNLearn te verskaf. Jy moet dus sorg dat jy altyd 'n minimum databalans het (dit kan 'n klein databondeltjie wees), selfs al is SUNLearn nulgegradeer. |
| MTN | MTN het 'n **maandelikse** beperking van 500 MB se gratis SUNLearn-gebruik. Wanneer jy daardie perk oorskry, sal jy vir data moet betaal wanneer jy SUNLearn gebruik. |
| Cell C | Cell C is tans nulgegradeer. |

## Nulgegradeerde webwerwe

*Nulgegradeerde Universiteit Stellenbosch-webwerwe, per diensverskaffer.*

| Diens | URL | Vodacom | Telkom | Cell C | MTN |
|---|---|---|---|---|---|
| Foutrapportering en versoeke om bystand (studente) | https://servicedesk.sun.ac.za | J | J | J | J |
| SUNLearn | https://learn.sun.ac.za | J | J | J | J |
| SUNOnline (vir kortkursusse) | https://online.sun.ac.za | N | J | J | J |
| SUNStream/Adobe Connect | https://stream.sun.ac.za | J | J | J | J |
| | | Hierdie webwerf word as nulgegradeer gelys, maar ons monitor die verskil in dataverbruik om verbruikersnavrae aan te spreek. | | | |
| Learning Hub (USB) | https://usblearn.belpark.sun.ac.za | J | Gedeeltelik | J | Gedeeltelik |
| Studente Terugvoer | https://studentfeedback.sun.ac.za | J | J | J | J |
| Inhoud verspreidingsnetwerk | https://cdn.sun.ac.za | J | J | J | J |
| Eenmalige aantekening (aanteken verifikasie) | https://sso.sun.ac.za | J | J | J | J |
| Eenmalige aantekening (aanteken verifikasie) | https://sso-prod.sun.ac.za | J | J | J | J |
| Biblioteekdienste | https://library.sun.ac.za | N | J | N | N |
| Citrix (veilige bedienerverbinding) | https://stbcitrix.sun.ac.za | J | J | J | J |
| Citrix (veilige bedienerverbinding) | https://suvpn.sun.ac.za | J | J | J | J |
| EZproxy biblioteek skakel (koppel biblioteekgebuikers tot eksterne databasisse) | https://ez.sun.ac.za | N | Word nog getoets | N | N |